

## God se Hulpmiddel Vir 'n Wêreld in 'n Krisis



David Wilkerson (1931-2011) June 23, 2020

Ons Here het altyd 'n hulpmiddel vir 'n wêreld in chaos, 'n remedie wat Hy al vir geslagte lank gebruik om sy kerk op te wek en dit is eenvoudig: God rig uitverkore mans en vroue op!

In sulke tye, gebruik ons ?? Here individue om op 'n wêreld in 'n krisis te reageer. Hy raak sy diensknegte op 'n bonatuurlike wyse aan, verander hulle en roep hulle dan tot 'n lewe van totale onderdanigheid aan sy wil. "Welgeluksalig is hy wat U uitkies en laat nader kom, dat hy kan woon in u voorhowe" (Psalm 65:4). Kortliks, God se Gees bearbei hierdie dienskneg om intieme gemeenskap met Hom te hê. God se gedagtes word aan die dienskneg gegee en hy ontvang 'n goddelike roeping. Sy siel word gevul met 'n dringendheid en hy begin om met geestelike gesag te lewe.

Wanneer God kies dat iemand afgesonder moet word vir 'n spesiale, verlossende werk, dan gee Hy daardie dienskneg 'n roeping - en hoe die dienskneg daarop reageer, bepaal die krag en intensiteit van God se aanraking op sy lewe. Dit is die oproep om "na vore te kom" en dwing ons uit die lewensaktiwiteite na 'n onverhinderde strewe na God se teenwoordigheid. Dink aan Moses. Toe hy Israel se leier geword het, was hy skielik 'n uiters besige man. God se volk was miljoene in getal en Moses se lewe het gejaagd geword toe hy van die môre tot die aand oor die mense moes regsprek en bedien.

Nadat hy dit alles aanskou het, het die skoonpa van Moses, Jetro, ingegryp en Moses gewaarsku dat hy homself sou uitbrand as hy nie 'n paar veranderinge sou aanbring nie. "Jy is die herder, Moses, en jy moet jouself met God afsonder. Ken die take van arbitrasie en berading aan ander toe. Sonder jou dan af met God, soek sy teenwoordigheid, kry sy gedagtes en ontvang sy woord. Dit behoort jou prioriteit te wees" (sien Exodus 18:19-22).

Moses het na hierdie wyse raad geluister; hy het ander aangestel om as regters en raadgevers op te tree en het besluit om God se oproep om "op te daag" te aanvaar. Die Skrif sê: "Moses het opgeklim na God toe" (19: 3). "Terwyl die HERE op die berg Sinai neerdaal, op die top van die berg, het die HERE Moses na die top van die berg geroep, en Moses het opgeklim" (19:20).

Moses het die teenwoordigheid van God in sy lewe hoog op prys gestel, net soos baie Christene wat hierdie oproep beleef het, hierdie goddelike drang om met die Here te kommunikeer. Die Here vra jou om "op te kom" om Hom op die berg te ontmoet en Hom toe te laat om jou opnuut met sy teenwoordigheid te vul.

[Download PDF](#) [1]

### Links

[1] <https://worldchallenge.org/printpdf/34182/>